

Skriflesing: Efesiërs 4: 1- 16Teks: **Efesiërs 4: 13**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 84:3****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:8,9; Ps. 119: 8,46; Ps. 65:2,6; Sb. 12-2 (27):4,5****Efesiërs 4: 1- 16****Eph 4:1** Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.**Eph 4:2** Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.**Eph 4:3** Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.**Eph 4:4** Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.**Eph 4:5** Daar is net één Here, één geloof, één doop,**Eph 4:6** één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.**Eph 4:7** Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.**Eph 4:8** Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."**Eph 4:9** Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe.**Eph 4:10** Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.**Eph 4:11** En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.**Eph 4:12** Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.**Eph 4:13** So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.**Eph 4:14** Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.**Eph 4:15** Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,**Eph 4:16** en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.**Skriflesing:** Efesiërs 4: 1- 16Teks: **Efesiërs 4: 13**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 84:3****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:8,9; Ps. 119: 8,46; Ps. 65:2,6; Sb. 12-2 (27):4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het verlede kwartaal 'n groot deel rondom Efesiërs 1-3

gehandel. Ons het in die eerste deel van Efesiërs groot dinge kon hoor, groot dinge wat alleen

God gedoen het. Hy wat ons uitverkies het, maar dieselfde God het sy uitverkore kinders

herskep, in Christus nuutgemaak dat ons vir Hom 'n nuwe volk, ja waarlik weer 'n Godsvolk

moet wees. Hy het aan sy volk, wat ons ook kan noem die Kerk van die Here 'n besondere plan

gegee waarvolgens Hy wat God is sy kerk rig, inrig en lei. Watter genade om in God se

grondplan met sy Kerk te mag weet God se plan is nie klomp reëls en regulasies, koue wette en

allerlei reglemente wat sy plan laat werk nie. God se plan is in wese nie iets nie, maar Iemand.

Ons Here Jesus Christus is die begin maar ook die einde van God se plan met sy Kerk. 'n Kerk

mag alleen daar wees omdat Jesus Christus daar is. As Jesus Christus nie daar was nie, ja kom

ek bring dit baie nader aan ons, as Jesus Christus nie in hierdie Kerk is nie, as Christus nie waarlik hier is nie, mag niemand dit waag om dit wat ons vanoggend kerk noem durf langer kerk te noem nie. Hy is ons Hoof waarvan alles afhang. As ek dit nie in die kern van Efesiërs 1-3 kon agterkom nie, dan mag ek eintlik nie eers na hoofstuk 4 wil kyk nie.

So baie mense sien die kerk en dink oor die kerk asof dit ook maar net nog weer iets is wat mense oor besluit het, iets van 'n menslike organisasie met mooi planne en ideale, sommige sal selfs sê dit is ons missie en ons visie in hierdie dae. Hierdie menslike denke en redenasies oor die kerk kan baie gevaarlik raak as ons die werklike Een, nl. Jesus Christus om Wie dit waarlik ook hier om moet gaan, nie in alles wat my mens-wees is en raak, eerste stel nie. As Hy wat Christus is nie in my kerk-wees waarlik gesien word as Hy is die rede hoekom ek weer vandag na hierdie samekoms wou kom, Hy is die rede waarom daar weer vir my 'n nuwe week kon begin, waarom daar weer 'n Maandag in my lewe mag aanbreek. As ek my week se roeping en my week se werk nie in my Sondag se kerk-wees en erediensbywoning inbed nie, dan het u lewe in baie opsigte maar leeg geword, broeder en suster. Of ook soos die Prediker dikwels na mense se lewens kan verwys dat dan het ons eintlik maar 'n tevergeefse bestaan hier op aarde. Sonder 'n ware verstaan van Christus en sy Kerk sal die begin van Prediker my ook baie hard tref ...

2 Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks. 3 Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld? 4 Geslagte kom en geslagte gaan, maar die wêreld bly altyd dieselfde. Ook as ons die ouer Vertaling lees dan word die leegheid, die tevergeefsheid van die lewe sonder Christus en sy Kerk die mens se deel: *2 Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs! 3 Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son? 4 Die een geslag gaan, en die ander geslag kom, en die aarde bly vir ewig staan.*

Al Een wat hierdie leegheid, hierdie tevergeefsheid kan wegneem, is Hy wat Jesus Christus is. Dieselfde Christus wat vandag aan ons dit wil bewys dat sy Kerk is waarlik die teenvoeter vir die wêreld se leegheid en tevergeefsheid. Efesiërs 4 wil ons dan ook by die praktyk van kerk-wees uitbring. Een kant kan ons sê vir die eerste deel van Efesiërs, tot aan die einde van hoofstuk 3 was dit die teorie van kerk-wees, maar tog besef ons ook goed, teorie en praktyk moet bymekaar kan uitkom. Die gebed aan die einde van Efesiërs 3 waar dit gaan om die verstaan en die verwesenliking van God se liefde vir jou en God se krag in jou, nou moet hierdie krag en liefde

verder gevat word. Dit gaan mos om die spesifieke krag om al meer soos Christus te word, krag wat ons van God moet afdid om al hoe meer en beter te verstaan hoe groot God se liefde is. Nou word die krag in praktyk omgesit. Ons kan sê die kerklike wiele kom daadwerklik aan die rol!

Die belangrikste wat ons uit die praktyk van kerk-wees kan put is wanneer God jou in sy Kerk opgeneem het en Hy het jou gevul met sy krag, sy liefde, sy kennis, sy volheid, dan is dit wat Efesiërs 4 vooropstel dat ons as kerk ons eenheid daadwerklik moet uitleef. Om dit te doen is nie maklik en vanselfsprekend nie. So baie mense het al hier in hulle kerk-wees uitgesak en is nie waarlik meer deel van die ware Kerk nie. Om ons eenheid daadwerklik uit te leef moet ons voor toegerus word. Daarom is 'n groot deel van Efesiërs 4 dan ook met God se toerusting besig. God wat Self sê hoe Sy kerk toegerus en bedien moet word.

Die eenheid is een wees in leer, een wees in ons verstaan van die verskillende gawes wat God geskenk het, een wees in hoe die ampte in God se kerk moet funksioneer. Kom ons dan hierin vooropstel –

Die een-wees in ons leer:

Efesiërs 4 begin waar alles vir jou en my ook moet begin. By ons roeping! *Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.* Dit waarvoor ek op hierdie aarde is, die rede waarom ek deel van Christus se Kerk is, dit wat die tevergeefsheid, die leegheid in jou lewe sal wegvat, is om roepingsgetrou en roepingsgedrewe jou lewe te leef. My optrede sal anders wees as mense wat nie hierdie eenheid in hulle roeping kan uitleef nie. Al is roeping so 'n belangrike leer-saak is dit eintlik net roeping wat jou na die praktyk van die lewe kan bring. So 'n mens is vriendelik, beskeie, geduldig, ons kan mekaar in liefde verdra. Want wys Paulus uit hierdie besondere gesindheid vloei jou roeping voort wat sal maak dat jy *ernstig sal strew om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.*

Dan is dit so asof Paulus nie uitgepraat kan raak oor die eenheid wat daar in ons leer moet wees nie. Die een kan nie só wil glo en die ander één weer heel anders, maar ons wil onself één kerk van Christus noem nie. Daarom dat vv 4-6 in die uitdra van ons leer van wesentlike belang is as ons sê: *4 Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle*

geroep het. 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

Oor ons verstaan van die kerk as Christus se liggaam, ons verstaan en belydenis oor die Heilige Gees se werk, ons hoop waartoe God ons roep, ons geloof rondom die sakramente, die doop en die Nagmaal moet vanuit één geloof geskied. *Daar is net één Here, één geloof, één doop ...* Hierdie een God en Vader, ja Hy wat in sy Drie-eenheid, waarlik *Één* is, Hy is oor almal, wil deur almal werk, wil vanoggend ook hier in almal woon. Is u waarlik daarmee een? Is dit die een leer wat u vir niks op aarde sal prysgee nie? Is hierdie leer werklik u lewe, moet ons ook vra?! Of anders gevra verstaan u hoe belangrik dit is dat ons as kerk ons eenheid moet uitleef?

Dit gaan nie net oor die fondament van eenheid nie, maar die Vader, die Seun, die Heilige Gees is Self die fondament van ons eenheid wat in ons gesindheid na vore moet kom. Hoe jy dink, hoe jy praat, hoe jy optree, is jy beskeie, vriendelik, geduldig, want dit skep die regte atmosfeer. So word ons eenheid bevorder. Die eenheid wat die Gees gesmee het werk op die model van eenheid wat God in Homself openbaar maar ook hoe Hy in ons woon en aan ons as sy Kerk sy roeping en hoop wil gee. Waar die Heilige Gees Homself as model vir eenheid gee het ons uit die eerste deel van Efesiërs goed moes raaksien dat gelowiges uit alle volke, tale en nasies word tot een Kerk in Christus saamgevoeg. Die Kerk moet deur een Gees deurdrenk wees. Na buite moet die wêreld kan sien hier is ons deel van Christus se liggaam, na binne moet ons as lidmate ons deur die Heilige Gees laat beheer.

Waar Christus ook Homself as besondere model vir ons eenheid gee besef ons en erken ons Hy is hierdie Kerk se enigste Hoof. Hy alleen regeer sy Kerk. Ons het vandag in die begin dit gesê en dit moet duidelik wees - As Jesus Christus nie in hierdie Kerk is nie, as Christus nie waarlik hier is nie, mag niemand dit waag om dit wat ons vanoggend kerk noem durf langer kerk te noem nie. Hy moet ons alles wees! Hy is die *één* Here, die enigste wat die verskil maak. Buite Hom is alles tevergeefs en is daar geen saligheid nie. My en jou doop in sy Naam, juis toe ons nog kindertjies was, was alreeds 'n erkenning van ek behoort aan Hom. Ons kinders behoort aan Hom. Die verbond in Christus en nou ook die *één* doop in Christus, verseël juis die beloftes van die evangelie vir ons en ons kinders. Dit is wat ons in ons leer een moet maak en daarom wie die

kinderdoop verwerp, verwerp in wese die een-wees in ons leer wat Efesiërs 4 se begin die vertrekpunt maak. Die doop waarby ons DV volgende Sondag mag kom, om 'n tweeling te mag doop, juis ook wanneer ons vir die Nagmaal voorberei.

Hiermee saam sien ons ook hoe God die Vader Hom as model vir ons eenheid in ons kerk-wees gee. Daar is waarlik net een God wat die Vader van Christus is en in Christus ook ons Vader wil wees. Buite Christus om is Hy niemand se Vader nie. Hierdie een-wees in ons leer bring die volgende rykdom in Efesiërs 4 waar dit ook gaan ... Waarlik die een Gees, nl. die Heilige Gees, die een Here, nl. ons Here Jesus Christus, die een God en Vader van almal gee nie moed op nie. Intendeel Hy gaan nog vêrder as ons vanuit die eenheid ook raaksien -

Die verskillende gawes wat die Drie-enige God ons skenk:

Ons lees hierdie belangrike deel weer in vv 7-11: *7 Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. 8 Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."* *9 Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. 10 Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. 11 En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.*

In hierdie belangrike 5 verse sien ons baie duidelik hoe God die Gewer van die gawes is. Dit is gawes spesifiek om ook die eenheid wat daar in die kerk moet wees net nog mooier en duideliker te maak. Hierdie gawes stel iemand as die "boumateriaal" wat God aan ons sy Kerk skenk om die eenheid te handhaaf. Die Here gee hierdie geskenke (hierdie gawes) aan elke lid van die Kerk maar dan ook aan die Kerk in geheel. Meer letterlik kan ons vanuit die Grieks sê dat "*aan een en elk van ons is die genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus dit skenk*". En dan doen Paulus iets baie interessant. Hy skryf die Woord van God uit die Woord van God. Paulus kom by 'n aanhaling van Psalm 68. As dit gaan om die uitdeel van gawes dan gaan dit oor Hom van Wie die Psalms ook geprofeteer het: "*Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.*" *9 Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die*

aarde toe. 10 Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.

Duidelik sien ons Christus is die Een wat met sy kom na ons as die eerste Gawe, die Eersteling van God se gawes na ons gekom het. Hy wat Homself gegee het, Hom soos 'n gevangene na ons laat kom het, om in die positiewe ons as sy krygsgevangenes met Hom weer die hemel in te bring.

Hy verteenwoordig ons nou daar, ons moet voel dat ons met Hom meegevoer is die hemele in, Hy neem ons saam en daarom gee Hy gawes op hierdie aarde aan ieder en elk van sy kinders om Christus se teenwoordigheid ook op hierdie aarde vir die hele wêreld 'n werklikheid te wil maak. Daar is nie een in hierdie kerk wat kan en mag sê ek het nie gawes ontvang nie. As ek dit sê, probeer ek God weerspreek wat geen mens kan doen nie. Daarom moet ook 'n ieder en elk van ons met God se gawes, aan God in sy Kerk diensbaar wees. Ons diensbaarheid is om vanuit Christus se oorwinning te werk. Christus het opgevaar bó alle hemelruimtes uit, ons kan dalk selfs sê Hy is in 'n hemel groter as die hemele, maar tog wil Hy alles hier, ook hierdie kerk vandag hier met sy teenwoordigheid vul. Ons kom ook vandag hier bymekaar en die Woord neem ons gevange dat ons nog weer soos krygsgevangenes bereid is om die stryd verder te stry en dit te bly stry. Want besef ons ook hierdie besondere stryd verg besondere gawes maar dit word ook iets van 'n proses waarmee nooit opgehou mag word. Toerusting en om met jou gawes toegerus te word hou aan en aan. Daarom ook ons laaste gedagte vandag -

Hoe die ampte in God se Kerk funksioneer?

Die gawes wat God ons skenk is nie iets wat God ons gee en nou is dit klaar nie. M.a.w. ons hoef nie uit onself uit te werk wat om met die gawes te doen nie. God gee spesifieke gawes om in die gemeente te werk sodat ons die gawes op 'n spesifieke manier kan aanwend om mekaar in die gemeente te bedien soos die Here dit wil hê. Daarom kom daar vanaf die vroegste Kerk soos wat God 'n nuwe mensheid vanuit Sy kerk daargestel het ook spesifieke ampte wat die Kerk moet voorafgaan. In vers 11 lees ons van die mense wat God as gawes aan sy Kerk gee. Vers 11- 12: *11 En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.*

As ons van hierdie verskillende ampte lees en en ons lees ook van verskillende mense wat hiertoe geroep is dan is dit steeds gawes in die mens en deur die mens wat God in sy kerk laat werk. Die verhoogde Christus is die een wat in eenheid sy kerk laat werk maar tog in 'n verskeidenheid gawes.

Die eerste wat 'n besondere diens vervul het, was die apostels. Dit is die Twaalf en toe het God Paulus nog weer by hulle gevoeg. Dertien apostels wat oog en oorgetuies was van Jesus se lewe op aarde. As hulle gepraat en gepreek het, het hulle dit kon doen in hoe hulleself Christus dit sien doen het. Hulle was sy direkte oog- en oorgetuies. Jesus se lewe, sy sterwe, maar ook sy opstanding, sy opvaar bokant die hemelruimtes uit het hulleself beleef en kon dit neerskryf soos dit gebeur het. Hulle lê in alle opsigte die fondament waarop die Kerk gebou moes word sodat die eenheid in Christus net nog verder uitgebou kon word.

Die tweede groep van mense wat God as gawes aan sy Kerk geskenk het noem Paulus die profete. Hulle en die apostels word as eenheid aan ons gegee want soos die apostels is die profete ook deel van die fondament van God se kerk. Hier dink ons aan die Ou-Testamentiese profete maar ook die Nuwe-Testamentiese tot by Johannes die Doper wat in 'n sekere sin die laaste profeet van die ou bedeling was. Tog het die apostels ook in 'n sekere sin gewoon gedoen dit wat profete moes doen. As ons die laaste boek van die Bybel lees dan is die apostel Johannes, tog weer iemand anders die onthoofde Johannes die Doper, maar as ouman is die apostel Johannes op 'n besondere wyse op die eiland Patmos profeties aan die werk.

Paulus noem 'n derde groep gawes aan God se kerk, gawes wat die Kerk moet voorafgaan en dan verwys hy na evangeliste. Dit is mense wat sendingwerk en evangelisasiewerk moet doen. Steeds moet evangelisasie- en sendingwerk gedoen word. Die Woord moet gebring word aan alle mense wat nog nie die evangelie gehoor het nie. So lees ons van die evangelis Filippus wat aan die man uit Ethiopië die woord kon bring terwyl die Ethiopiër uit die profesie van Jesaja lees maar dit nie kon verstaan nie. Vir die evangelis is dit altyd belangrik om vir die ander een te vra – verstaan jy wat jy lees. Dit wat nie verstaan word nie, moet uitgelê, verklaar en toegepas kan word. Die evangelis moet dit kan doen. God roep sy kinders en gaan haal sy kinders uit volke en tale en plekke wat ons die omvang nie ken nie, maar daar moet die evangelis eenvoudig

ingaan en verkondig wat God van hom verwag. God wil deur sy evangeliste sy nuwe volk vul en ook die getal van die Kerk moet vol word.

En dan is dit asof Paulus die evangeliste tot nog 'n groter afronding bring want kom hier ook 'n vierde groep van mense wat vandag steeds as gawes aan die kerk geskenk word nl. herders en leraars. 'n Herder en leraar wat nie tegelyk evangelis kan wees nie, mag ook nie langer herder en leraar wil wees nie. Dit is hulle wat tot die voltydse bediening van die Woord geroep is, wat evangelis moet wees maar wat ook ouderling moet wees. 'n Ouderling wat ander moet kan onderrig en leer in wat 'n hele gemeente vanuit die Woord van God moet leer en mee onderrig moet word. In elke opsig is dit mense wat herders en leraars vir God moet wees. Voltyds in diens van die koninkryk van God. Nie in diens van 'n kerk, 'n kerkverband of in diens van 'n kerkraad nie, maar hy is deel van die Kerkraad, voltyds in diens van Christus.

Geliefdes in wat ons vandag mee kan afsluit het God net een doel dat herders en leraars, of dan nou ook evangeliste is die mense wat nie op hulle eie mag aangaan nie, maar saam met die Kerkraad vorm hulle 'n eenheid wat in die eenheid van die kerk moet inwerk. Op die einde moet elke gelowige, elke lidmaat in die Kerk moet sodanig toegerus wees dat die hele liggaam, die hele gemeente as 'n eenheid funksioneer. Ja komplete soos 'n volgroeide mens, so volmaak en so volwasse soos Christus. Dit is 'n groot stelling, ja 'n groot ideaal om dit heelyd voor oë te hou, maar dit moet ook ons ideaal, ons werklike doel van ons kerk-wees hier in Postmasburg wees. Ons moet so volgroeï, so volmaak en so volwasse soos Christus wil wees. Ons moet nie soos kinders wees wat ons deur allerlei golwe op en af laat beweeg en ons so maklik heen en weer laat slinger deur elke wind van dwaalleer nie. En glo my daar is baie sulke winde, mense wat hulleself kan voorgee hulle is as gawes aan die Kerk gegee maar eintlik is hulle met slinksheid en listigheid besig om andere ook op hulle dwaalweë weg te voer. Pasop vir hulle!

Mag die Here ons met ons gawes, ieder en elk van ons so lei, dat ons werklik ons gawes in die gemeente reg sal aanwend. Daar waar gawes ook ampte insluit dat ouderlinge en diakens werklik sal doen wat God van ons verwag. Ons besef alle geestelike gawes is diens-gawes. Dit mag op geen wyse tot eie voordeel aangewend word nie. Die hele liggaam nl. hierdie kerk van God moet by die waarheid wil bly, ook die waarheid soos in ons belydenisskrifte uiteengesit en mag

ons in alle opsigte groei na Christus toe, Hy is immers die hoof en uit Hom groei die hele liggaam (vers 15)

AMEN